10-dae Gebedsgids (2014)

Gebedsfokus op die Persoon en werk van Jesus Christus

INLEIDING

Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof; sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik. (Fil.3:8-11) [AOV]

Die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, ons Here!

Die diepste hartsbegeerte van Paulus was om Jesus Christus as Here te ken. Hy het die opgestane Christus op die pad na Damaskus ontmoet. Paulus het genoem van sy ervaring waarin hy die derde hemel besoek het en bekend gemaak dat 'n boodskapper van Satan deur God gestuur is om hom nederig te hou sodat hy nie trots kan wees oor die baie openbaringe wat hy van God ontvang het nie (2 Kor.12:6-10). Hy het ook geskryf oor sy insig in die geheimenis van God aangaande "Christus in julle, die hoop op heerlikheid" wat vir die vorige geslagte verborge was. Ten spyte van al hierdie dinge het hy in sy laaste brief geskryf dat sy begeerte is "om Hom te ken!" (Fil.3:10)

Kennis van Christus moet nie verwar word met kennis *omtrent* Christus nie. Om Christus te ken is 'n intieme ervaring en openbaring van die Persoon van Jesus Christus; die verkryging van insig in Sy menigvuldige genade, en deur die aanskouing van Sy heerlikheid verander te word na Sy beeld. Hierdie baie en persoonlike ervaring van die kennis van Christus is wat bedoel word met die term "om Sy aangesig te soek." (2 Kronieke 7:14). Die "soek van Sy aangesig" is 'n voorwaarde vir die beantwoording van ons gebede en die genesing van ons land.

In Hosea 4:1, gee God 'n rede waarom die gees van wetteloosheid 'n land kan binnedring: daar was nie meer trou (waarheid) en liefde en kennis van God in die land nie. Jesus sê in Johannes 17:3, dat om die ware God en Jesus Christus te ken is die ewige lewe. Net soos wat dit in die tyd van Israel was, so is dit ook in ons tyd. Ons moet Christus Jesus ken, en deur Hom, die Een wat op die hemelse troon sit.

Terwyl ons gereed maak om Sy aangesig te soek, laat die gebed van ons harte wees dat Hy Homself aan ons, en aan 'n gebroke en verlore wêreld, bekend sal maak. Laat ons tot Hom nader, met harte vol geloof, dat as ons Hom met ons hele hart soek, dat ons Hom sal vind. Mag die kennis van Christus Jesus ook vir ons "uitnemende" waarde hê.

Dag 1.

Die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus!

Die Beeld van die onsienlike God

Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. (Kol.1:15, 16). [AOV]

SOEK SY AANGESIG EN EER HOM:
As Jou Skepper; die Alfa en die Omega; die Begin en die Einde, die Eerste en die Laaste; die Een in wie jy uitverkies is voor die grondlegging van die wêreld.
BID:

- Dat die Kerk die Skepper getrou sal erken, in 'n wêreld vol leuens.
- Dat die Kerk aan Christus gelykvormig sal word in alle opsigte en so die onsigbare God sigbaar maak.
- Dat die wêreld Jesus Christus, en die beeld van die onsigbare God, sal sien en beleef deur die liefde, gedrag, woorde en ontferming in die lewens van gewone Christene, en oortuig sal word dat God bestaan.

Lees en bepeins Openbaring 1 en 2.

Dag 2

Die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus!

Die Seun van God

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. (Joh.3:16-18). [AOV]

SOEK SY AANGESIG EN EER HOM HIM:
As die Seun, wat deur God die Vader gestuur is, wat die liefde van God gedemonstreer het deur Sy gewilligheid om Homself te verneder, in die gelykenis van die sondige mens te kom, sodat almal wat glo dat Hy die Seun van God is, die ewige lewe sal verkry.
BID:

- Dat die Kerk die noodsaaklikheid van sondebelydenis en vergiffenis sal insien, asook die voorreg om deel te hê aan die Goddelike natuur.
- Dat die Kerk, deur die Gees van aanneming, ware seuns van God sal wees, en deur hulle heilige lewenswandel, goeie werke en gewilligheid om as lewende offers op die altaar geplaas te word, sal getuig dat hulle verlos is van sonde.
- Dat die wêreld sal verstaan dat Jesus waarlik die Seun van die lewende God *is;* vir die verwydering van al die wanvoorstellings van Christus, die leuens aangaande Hom, God die Vader en die Heilige Gees.

Lees en bepeins Openbaring 3 en 4.

Dag 3

Die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus!

Seun van die Mens

Toe Jesus in die streke van Sesarea-Filippi kom, het Hy vir sy dissipels gevra: "Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?" Hulle antwoord: "Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete." "Maar julle," het Hy gevra, "wie, sê julle, is Ek?" Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." "Gelukkig is jy,

Simon Barjona," het Jesus vir hom gesê, "want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. (Matt.16:13-17). [ANV]

SOEK SY AANGESIG EN EER HOM HIM:
As die beloofde Messias, wat mense geword het sodat Hy die dood kon smaak, ons van die vloek van die wet kan verlos, en namens ons, die skuld van sonde te kon betaal.
Eer Hom as die Een wat, deur te sterf, die duiwel en al sy werke vernietig het, en die hele mensdom van die vrees vir die dood verlos het.
BID:

- Dat die Kerk hulle vryheid van die dood, sonde en Satan sal besef en ontvang; sal opstaan en hulle outoriteit oor al die werke van Satan sal opneem.
- Dat die Kerk hulle verantwoordelikheid om die Goeie Nuus aan alle mense, in alle lande te verkondig, sal opneem.
- Dat die wêreld vrygemaak sal word uit die vesting wat deur die god van hierdie wêreld se leuens en argumente in hulle verstande opgerig is, en wat hulle verhoed om God te ken; dat hulle harte sal versag en gereed word om die Woord van God te ontvang sodat hulle uit die duisternis bevry kan word.

Lees en bepeins Openbaring 5 en 6.

Dag 4

Die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus!

Ons Voorspraak

Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie. En as een van ons sondig – ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader. Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. (1 Joh.2:1-2). [NAV]

SOEK SY AANGESIG EN EER HOM HIM:
As die Regverdige wat vir ons intree, en wat deur Sy geregtigheid ons regverdig verklaar het, sodat ons, wat in Christus is, nie langer veroordeel word nie, maar vergewe, gereinig en regverdig verklaar is, en aan ons die reg gegee het om kinders van God genoem te word.
BID:

- Dat die Kerk sal begryp hoe wonderlik dit is dat ons Voorspraak in die hemel vir ons bid.
- Dat die Kerk gevul sal word met die gees van gebed en smeking, en saam met Jesus en die Heilige Gees intree in gebed.
- Dat die wêreld sal besef dat daar 'n Regter in die hemele is, en dat daar wel 'n Dag van oordeel kom – 'n Dag waarin almal voor die wit troon sal verskyn en verslag lewer oor hulle lewens.
- Dat die wêreld daarvan oortuig sal word dat hulle die boodskap van die Evangelie weerstaan en rebelleer teenoor God.

Lees en bepeins Openbaring 7 en 8.

Dag 5

Die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus!

Ons Barmhartige Hoëpriester

Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word. (Heb.2:17-18). [ANV]

SOEK SY AANGESIG EN EER HOM HIM:
As die Een wat in alles self versoek was, net soos ons.
As ons barmhartige en getroue Hoëpriester, wat in staat is om ons te help wanneer ons versoek word, omdat Hyself gely het onder versoeking en dit oorwin het.
BID:

- Dat die Kerk in die vryheid van volkome vergiffenis en herstel sal wandel.
- Dat die Kerk versoekings, beproewings en vervolging sal oorwin en die koninklike priesterskap waarvoor ons geroep is, sal opneem.
- Dat die wêreld die barmhartigheid, genade en goedheid van die Hoëpriester sal beleef deur die bedieninge van die Liggaam van Christus.
- Dat die wêreld die krag van vergiffenis en genade sal leer ken, en hul harte ontvanklik sal wees vir die liefde en teerheid van Jesus Christus, hulle Verlosser.

Lees en bepeins Openbaring, 9,10 en 11.

Dag 6

Die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus!

Die Brood van die Lewe

"Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy ewig lewe. En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam. Ek gee dit sodat die wêreld kan lewe."Joh.6:51. [ANV]

SOEK SY AANGESIG EN EER HOM HIM:
As die Een wat vir ons oortredinge deurboor is, vir ons ongeregtighede verbrysel is, en deur wie se wonde daar vir ons genesing gekom het.
BID:

- Dat die Kerk 'n voorbeeld sal wees van ware geestelike en fisiese genesing.
- Dat versoening tussen rassegroepe sigbaar sal wees onder gelowiges, en vir die genesing van emosionele trauma en hartseer.
- Dat die Kerk bekend sal word daarvoor dat hulle gewilliglik hulle kos deel met die wat honger is, klere verskaf vir die wat kaal is, en huisvesting bied vir die haweloses.
- Dat die wêreld, wat rondsoek na bevrediging op plekke wat nie kan bevredig nie, die Brood van die Lewe uit die hande en harte van gelowiges sal ontvang.

Lees en bepeins Openbaring 12 en 13.

Dag 7

Die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus!

Die Weg, die Waarheid, die Lewe

"Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug

en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan." Tomas sê toe vir Hom: "Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken?" Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. (Joh.14:1-6). [ANV]

SOEK SY AANGESIG EN EER HOM HIM:
As die Woord wat vlees geword het en onder ons kom woon het, as die Seun van die Vader, vol genade en waarheid.
As die Een wat gekom het om oor die waarheid te getuig, en wat begeer dat alle mense tot kennis van die waarheid sal kom.
BID:

- Dat die Kerk weereens die onverdunde en onteenseglike waarheid aangaande Jesus, en dat daar *geen* verlossing is behalwe deur Hom nie, sal verkondig.
- Dat gelowiges die Vader in gees en waarheid sal aanbid.
- Dat die sluier wat oor die verstande en harte van ongelowiges (mense in die wêreld) verwyder sal word deur die prediking van die waarheid.
- Dat misleiding ontbloot en oningeligtes ingelig sal word, sodat Jesus se verklaring vervul kan word: Julle sal die Waarheid ken, en die Waarheid sal julle vrymaak!

Lees en bepeins Openbaring 14 en 15.

Dag 8

Die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus!

Die Goeie Herder

Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape. Ek het nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei. Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder. (Joh.10:14-16). [ANV]

SOEK SY AANGESIG EN EER HOM HIM:
As die Een wat gereed is om te vergewe; genadig en barmhartig; stadig om kwaad te word en vol liefde en getrouheid; wat al ons sondes vergewe en al ons siektes genees.
BID:

- Dat die Kerk na die stem van die Herder sal luister en reageer; Hom gewilliglik volg waar Hy ookal lei, of dit nou na groen weivelde en waters van rus is, of deur die vallei van doodskaduwee.
- Dat die Kerk volkome oorgegee sal wees aan die Goeie Herder, vol vertroue dat alles ten goede sal meewerk vir die Hom liefhet en vertrou.
- Dat die wêreld die ontsaglike teerheid en barmhartigheid van die Herder, wat verlang om hulle in sy arms te neem en naby aan Sy hart te dra, sal ontmoet.
- Dat weeskinders, gebroke manne, vroue en kinders, haweloses, oues, siekes en verwerptes Sy liefde en versorging sal beleef.

Lees en bepeins Openbaring 16 en 17.

Dag 9

Die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus!

Die Lam wat geslag is

Toe sê een van die ouderlinge vir my: "Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak." Toe het ek voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge, 'n Lam sien staan, die Een wat geslag was. Hy het sewe horings en sewe oë gehad. Die sewe oë is die sewe Geeste van God, wat oor die hele aarde uitgestuur is. Hy het toe gegaan en die boek ontvang uit die regterhand van Hom wat op die troon sit. (Open.5:5-7). [ANV]

SOEK SY AANGESIG EN EER HOM:
As die Lam voor die troon, wat waardig bevind is om die boekrol te neem en die seëls daarvan oop te maak.
As die Lam wat geslag is, en deur Sy bloed mense vir God vrygekoop het, uit elke stam, taal, volk en nasie.
As die Een wat waardig is om al die mag en rykdom, wysheid en krag, eer en heerlikheid en seën, te ontvang!
BID:

- Dat die Kerk die bloed van Jesus in al sy volheid sal toeëien, vir die vergiffenis, reiniging en loutering van sondes; vir regverdigmaking, heiligmaking en toewyding.
- Dat die Kerk die Heilige God met 'n skoon gewete sal dien; Satan en al sy mag sal oorwin, en deur die geskeurde voorhangsel (Jesus self) tot in die allerheiligste sal binnedring.
- Dat die wêreld, wat uitmekaar geskeur word deur oorloë, onreg, korrupsie, onsedelikheid en demoniese eise vir bloed en offers, sal weet dat die bloed en opstanding van Jesus die wêreld, sonde, Satan en die eise van die vlees, oorwin het.

Lees en bepeins Openbaring 18 en 19.

Dag 10

Die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus!

Sy Majesteit, die Koning van die konings

Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here. (Open.19:11-16). [AOV]

SOEK SY AANGESIG EN EER HOM HIM:
As die Woord van God, die Ruiter op die wit perd, die Aanvoerder van die leërmagte van die hemel, uit Wie se mond 'n skerp twee-snydende swaard kom.
As die Een wat al die nasies met 'n ysterstaaf sal regeer; voor Wie se Naam elke knie, in die hemel, op die aarde en onder die aarde, sal buig en elke tong sal bely dat Hy die Here is!
BID:

- Dat die Kerk gewilliglik sal oorgee aan hulle Koning, deur hulle lewens neer te lê in die verkondiging van die boodskap van die Koninkryk van God aan alle volkere.
- Dat die Kerk voorbereid en waaksaam sal wees, en die terugkeer van die Koning van die konings en die Here van die here, sal verhaas deur gebed, evangelisasie en regverdige dade van die gelowiges.
- Dat die wêreld se leiers die waarskuwing aangaande die Seun van God sal hoor, en met wysheid sal reageer, Hom met eerbied sal dien; en eer bring aan die Seun sodat hulle nie vernietig sal word wanneer Sy wraak uitgestort word nie.

Lees en bepeins Openbaring 20,21 en 22.